**WRIGHT, Harrison M. 1977. The burden of the present. Liberal-radical controversy over Southern Africa. Cape Town, Philip, 137 pp.**

Hierdie werkie kan, ten spyte van sy beperkte omvang, beskou word as een van die belangrikste studies wat oor die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing, en in besonder die geskiedskrywing van die jongste tyd, verskyn het. Dit is een van die weinige pogings wat al gedoen is om grondliggende beskouinge en tendense in werke oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis bloot te lê. Onder die verskeidenheid van werke en artikels wat oor aspekte van die Suid-Afrikaanse historiografie verskyn het, is die werk van Wright een van die indringendste en skerpsinnigste ontledinge. Historici is, miskien meer as hul kollegas in verskeie ander dissiplines, bewus van die tydsgebondenheid van hul werk en van die invloed wat eietydse omstandighede en beskouinge in hul interpretasie van die geskiedenis spreek, maar Wright toon, veral vir sover dit die geskiedskrywing oor Suid-Afrika aangaan, besondere helder insig in hierdie probleem.

Wright se behandeling van die kontroverse tussen die sogenaamde liberale en radikale skole in die historiografie oor Suider-Afrika is, sover bekend, ook die eerste werk van belang oor hierdie onderwerp. Tog lê dit op 'n terrein waaroor wel heelwat geskryf is. Daarom kan dit as 'n leemte in sy studie beskou word dat die onderwerp nie in 'n wyer konteks geplaas word nie en daar nie aangeknoop word by ander werke oor die geskiedskrywing nie, soos by F.A. van Jaarsveld se *Oue en nuwe weë in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing*, waarin strominge en tendense in die Suid-Afrikaanse historiografie vanaf die negentiende eeu tot in die eie tyd geskets word. Ook word die liberale en radikale skole nie teen die wyer agtergrond van strominge in die Westerse wêreld belig nie. Daarby gee Wright feitlik geen aandag aan werke buite die twee skole nie, wat veral Afrikaanstalige maar ook heelwat ander nie-Engelstalige werke insluit, sodat Wright eintlik net twee tendense binne die hedendaagse geskiedskrywing uitgelig, skerp omlyn en teenoor mekaar gestel het. Wright se boekie gee daarom 'n ietwat eensydige beeld en kan die misleidende indruk van 'n skerp dualisme in die kontemporêre historiografie oor Suid-Afrika laat.

In sy kritiek op die sogenaamde liberale skool, wat bekende historici soos W.M. MacMillan, C.W. de Kiewiet, E.A. Walker en L.M. Thompson omvat, toon Wright duidelik dat bepaalde opvattinge oor die algemene goedheid

en vooruitgang van die mensheid hul interpretasie beïnvloed. Waar daar onvolmaaktheid in die wêreld is, moet dit wees omdat iets of iemand afkeurenswaardig opgetree het, en aangesien die huidige Suid-Afrikaanse samelewing vir hierdie skrywers duidelik groot gebreke toon, word na die oorsake hiervan in die geskiedenis gesoek. Hoofsaaklik word die skuld vir die probleem van vandag aan die Afrikaner toegeskryf. Wright dui aan dat die sogenaamde liberale skool uitgaan van 'n eensydige en skewe siening van die Afrikaner, en dat hulle vooroordele hul verhinder om getuienis wat in stryd is met hul beeld van die Afrikaner, in ag te neem. Waar die gebreke van die liberale skool vir Wright veral lê in sekere – deur eietydsomstandighede bepaalde – vooroordele en in defektiewe toepassing van historiese metodes, meen hy dat die radikale rigting veral mank gaan aan die huldiging van vooropgesette teorieë wat nie deur die ondersoek bewys word nie. Die radikale skool omvat 'n aantal minder bekende skrywers (waarvan sommige Suid-Afrikaners wat in die buiteland woon) wat oor die algemeen net kleiner studies oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis gepubliseer het. Onder hulle tel onder meer M. Legassick, F. Johnstone, C. van Onselen, G. Arrighi en Shula Marks, wat, soos baie ander hedendaagse historici in die VSA en Wes-Europa, sterk deur die Marxisme en die Neo-Marxisme beïnvloed is. Hulle interpretasie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis is dan ook primêr ekonomies van aard. Hulle probeer, soos die liberale skool, 'n verklaring vir die huidige Suid-Afrikaanse samelewingsorde en veral die „apartheid" gee, maar vind dit nie in die eerste plek by die Afrikaner nie, maar by die kapitalistiese ekonomie. Apartheidswetgewing sien hulle daarom veral as 'n middel van die kapitaliste om die arbeiders te eksploiteer, en die rasseverhoudinge interpreteer hulle as klasseverhoudinge. Verandering is vir hulle net moontlik deur rewolusie van die Swartproletariaat.

Tereg meen Wright dat albei skole die kompleksiteit van die Suid-Afrikaanse geskiedenis misken deur dit te probeer reduseer tot die interaksie tussen verskillende groepe of tot die ontwikkeling van die kapitalisme met gepaardgaande verproletarisering van die Swartbevolking. Die skewe beeld van Suid-Afrika se verlede wat hul gee, word gedeeltelik daardeur veroorsaak dat die probleme van die hede in die verlede ingelê word, in plaas daarvan dat lig op die eie tyd gewerp word deur studie van die geskiedenis, soos wat historici eintlik behoort te doen.

Wright se studie toon dat daar 'n groot gebrek bestaan aan onbevooroordeelde interpretasie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Hoewel hy nie werke behandel wat buite die twee strominge val nie, merk hy tog, myns insiens beslis nie ten onregte nie, op dat Afrikaanse werke hoofsaaklik net om die probleme van die Afrikaner self draai en 'n wyer perspektief op die Suid-

Afrikaanse geskiedenis mis. In die jongste tyd het daar byna geen werke verskyn wat 'n breë interpretasie van 'n groot deel van die Suid-Afrikaanse geskiedenis doen nie. ('n Uitsondering is Van Jaarsveld se *Van Van Riebeeck tot Vorster.)* Die probleme wat in die liberale en radikale skole aan die orde kom, val in 'n groot mate nog buite die gesigsveld van die Afrikaanse historici. Ekonomiese en maatskaplike geskiedenis word verder afgeskeep. Dit is dan ook 'n verdienste van Wright se werk dat dit die aandag vestig op die studie van die sogenaamde radikale skool. Hoe weersinswekkend hul uitkyk ook vir Afrikaanse historici mag wees, stel hulle tog belangrike probleme waarop ook van Afrikaanse kant 'n antwoord gegee moet word. Afrikaanse werke is net so min as dié van die liberale en radikale rigtings vry van vooroordele en van 'n inlees van eietydse omstandighede in die verlede. Tog het die Afrikaanse geskiedskrywing reeds 'n stewige wetenskaplike tradisie opgebou en kan dit 'n groter bydrae lewer tot die interpretasie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, en daarmee tot perspektief op hedendaagse knelprobleme van ons land. So 'n interpretasie sal, soos Wright ook beklemtoon, nie volkome objektief kan wees nie, maar kan tog vooroordeel en dogmatisme vermy. In besonder rus daar 'n taak op historici met Christelik-Calvinistiese oortuigings om 'n Christelike perspektief op die Suid-Afrikaanse geskiedenis te gee.

*P. de Klerk*
PU vir CHO

**BOTHA, J.H. 1979. Bybelonderrig in die primêre skool; tweede uitgawe. Port Elizabeth, UPE. 134 p.**

Hierdie werk is as handleiding vir primêre onderwysstudente en onderwysers in Godsdiensonderrig (of Bybelonderrig soos die vak in Kaapland genoem word) geskryf. Groot dele is egter ook vir die sekondêre student en onderwyser van belang. Volgens die voorwoord het dit ten doel om aan die onderwysstudent en die onderwyser insig in die essensies van Godsdiensonderrig in die primêre skool te gee.

Breed beoordeel kan die boek as baie geslaagd beskou word. Dit is 'n baie sistematiese uiteensetting van die vak en raak die kernaspekte daarvan aan.

Twee aspekte beperk egter die trefgebied van hierdie werk. Eerstens word slegs na onderwysordonnansies en sillabusse van die Kaapprovinsie verwys. Ander provinsies het bepalings wat baie nou met dié van die Kaap ooreen-

stem, maar tog hier en daar in belangrike opsigte verskil. As hierna verwys is, sou die werk nuttiger deur ander provnsies gebruik kon gewees het.

'n Tweede aspek wat die trefgebied beperk, is die fenomenologiese benaderingswyse daarvan. Dit is vol fenomenologiese terme wat vir die student wat nie hierin onderlê is nie en, veral vir die ouer onderwyser, geheel of gedeeltelik ontoeganklik is. Terme en uitdrukkings soos „die werklikheidstruktuur van die didaskein", „heuretiese metode", „transendering van die kollektiewe normbesef", „simbiotiese", „valensiewaarde", ensovoorts, verdien toeligting om dit vir die „oningeligte" toeganklik te maak.

Enkele feitefoute kom voor, byvoorbeeld: „dat die ouers die afwesigheid vir hul kinders van Godsdiensonderrig skriftelik moet versoek en ook moet motiveer". Motivering is egter nie nodig nie.

Soms kom heel aanvegbare bewerings voor. Die skrywer sê byvoorbeeld: „Sonder gebruikmaking van die eksemplaar is die onderriggebeure nie moontlik nie, omdat die gebruik daarvan kort paadjies tot die leergebeure moontlik maak" (p. 68). Hoewel die eksemplaar in baie gevalle die onderrig vergemaklik, soos hierbo tereg beweer, is onderrig sonder die eksemplaar tog wel moontlik. Die skrywer aanvaar sonder argumente dat voorstellings van Christus in die klas gebruik kan word (p. 104). Teen so 'n afbeelding van Christus het ek ernstig beswaar. Ook van die gedagte om die leerlinge aan te moedig om self hul Bybels (in tasse wat soms rondgegooi word) na die skool te bring, moet ek verskil. Die skool behoort genoegsaam Bybels te voorsien.

Wat my die meeste in hierdie werk getref het, is die hoofstuk oor Christus as leermeester. Die onderrigmetodes wat Jesus in sy omwandelinge op aarde gebruik het, word duidelik in 'n gladde vloeiende taal uiteengesit. Hoewel dit nie gesê word nie, voel mens deurgaans aan dat die bedoeling hier is dat die onderwyser ook so moet probeer onderrig.

Die gedeelte oor die werkskema is prakties van aard en baie waardevol. Hier is die ervare skoolhoof wat weet wat hy van sy onderwysers verwag, aan die woord. Dieselfde kan van die gedeeltes oor die algemene struktuur van die les, die werkboek van die leerlinge en die lesvoorbeelde gesê word. Die gedagte om ook die leerdoelstelling van elke les aan te stip, staan my besonder aan. Daarby word mooi voorbeelde van hulpmiddele, soos die maak van 'n „Bybel-boekrak" met 66 vuurhoutjiedosies, ook gegee.

Of hierdie werk egter aan al die vereistes van 'n metodiekhandleiding vir Godsdiensonderrig aan die primêre skool voldoen, is te betwyfel. Ons noem 'n paar tekortkominge:

Weinig onderskeid tussen die junior primêre en die senior primêre fase in die onderrig word gemaak, terwyl daar tog groot verskille bestaan.

Die hoofstuk oor doelstellings in Godsdiensonderrig is onbevredigend.

Daarin word hoofsaaklik aandag aan die algemene doelstellings van die opvoedkunde en die doelstellings van die Christelike opvoedkunde vanuit fenomenologiese oogpunt gegee. Oor die doelstellings van Godsdiensonderrig word in vier sinne gehandel. Oor die onderwyser in Godsdiensonderrig word baie min gesê, terwyl meer klem hier verwag kan word. Ook onderwysordonnansies en nasionale wetgewing wat die vak raak, vereis vollediger aandag. In die hoofstuk oor die Godsdienstige vorming van die kind word slegs aandag aan die kind uit die ware Christelike gesin gegee, terwyl kinders uit flou of Christelike afsydige gesinne geïgnoreer word. By die afdeling oor relevante onderrigmetodes ('n baie belangrike afdeling) word slegs drie metodes bespreek. Die vertelmetode en dramatisering as onderrigmetode word in vloeiende Afrikaans deeglik uiteengesit. By die vraag-en-antwoordmetode is daar eintlik net aandag aan die vraag in die didaktiese situasie gegee en is die vraag-en-antwoordmetode nie behandel nie. Die korrekte benadering in hierdie hoofstuk sou myns insiens wees om die verskillende onderrigmetodes (wat in die didaktiek behandel word) se besondere toepassing in Godsdiensonderrig aan te dui.

Aangesien daar heelwat probleme rondom die gebruik van veral sekere hulpmiddels in Godsdiensonderrig bestaan, moet iets hieroor in 'n werk van hierdie aard verwag word. Dit ontbreek egter. Werkopdragte aan die einde van elke afdeling kon ook veel bygedra het om die waarde van die werk te verhoog.

Die gedeelte oor die verskil tussen Bybelkunde en Godsdiensonderrig is noodsaaklik, maar regverdig nie die nege bladsye fenomenologiese didaktiek wat hierby ingesleep is nie.

Die gedeeltes oor didaktiese grondvorme en didaktiese beginsels asook die gedeelte oor die oorsprong en die wese van sillabusse hoort tuis by die didaktiek. Dit is gewone opvoedkundige beginsels oorgeskryf in swaar fenomenologiese terminologie. Dit skyn niks anders te wees as 'n poging om die leser fenomenologies te oriënteer nie. Bekende feite word hier met 'n omhaal van woorde beargumenteer. Terwyl die skrywer byvoorbeeld sê dat die bestaan al dan nie van God onbeargumenteerbaar is, beargumenteer hý dit tog.

Die skrywer beweer: „Lewensvreemde taal ... lei tot woordinflasie; dit is 'n uitdrukkingswyse wat die kind van ons tyd nie meer aanspreek nie" (p. 97). Hierdie bewering, hier bedoel op die verouderde hol en niksseggende kerktaal en terminologie, geld sekerlik ook vir die student en die onderwyser. Daarom wonder ek waarom die skrywer, terwyl hy duidelik toon dat hy daarvan bewus is, die beginsel nie ook deurgaans in sý werk toegepas het nie. In die gedeeltes waar dit wel gedoen is, het die skrywer getoon dat hy by

uitnemendheid daartoe in staat is.

Samevattend kan gesê word dat hoewel hierdie werk baie meriete het en beslis verdien om deur mense wat by Godsdiensonderrig betrokke is, gelees te word, dit tog nie in alle opsigte bevredigend is nie. 'n Mens kan nie anders nie as om aan te voel dat die skrywer telkens besig is om te poog om die leser in die fenomenologiese benaderingswyse te oriënteer. In hierdie poging neig die werk na didaktiek en kry die benaderingswyse soms 'n belangriker plek as dit waarom dit eintlik gaan, naamlik Godsdiensonderrig in die primêre skool.

*A.J. van den Berg*
Potchefstroomse Onderwyskollege

**